Skriflesing: 1 Timotheus 6: 1 – 10
Teks: **1 Timotheus 6: 1-2**
Sing: VOORAF SANG – Ps. 145: 1,2,3
TYDENS EREDIENS - Ps. 145:10,11; Ps. 1: 1,2; Ps. 138: 1,4; Ps. 128:1, 4
1 Timotheus 6: 1 – 10

1Ti 6:1 Gelowiges wat as slawe onder 'n juk staan, moet hulle eienaars met alle eerbied bejeën, sodat niemand sal kwaad praat van die Naam van God en van die Christelike leer nie.
1Ti 6:2 Slawe wat gelowige eienaars het, moet aan hulle nie minder eerbied betoon omdat hulle saam broers is nie. Hulle moet hulle eerder beter dien omdat dié wat uit hulle werk voordeel trek, met hulle een is in geloof en liefde. Hierdie dinge moet jy aan die mense leer en dit by hulle inskerp.
1Ti 6:3 As iemand 'n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie,
1Ti 6:4 is hy verwaand en weet hy niks. Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery,
1Ti 6:5 voortdurende rusie van mense wat verstandelik verward en van die waarheid beroof is. Hulle dink dat die godsdiens iets is om geldelike wins mee te maak.
1Ti 6:6 Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het,
1Ti 6:7 want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie.
1Ti 6:8 As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees.
1Ti 6:9 Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word.
1Ti 6:10 Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal.

Skriflesing: 1 Timotheus 6: 1 – 10
Teks: **1 Timotheus 6: 1-2**
Sing: VOORAF SANG – Ps. 145: 1,2,3
TYDENS EREDIENS - Ps. 145:10,11; Ps. 1: 1,2; Ps. 138: 1,4; Ps. 128:1, 4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag was ons ’n groot deel met die werk van ouderlinge besig. Ouderlinge wat goeie leiding gee sê die Here behoort dubbele erkenning te kry. Veral die wat hard werk deur te preek en onderrig te gee. In baie opsigte het ons in die brief tot by die voorlaaste hoofstuk met kerklike dinge en kerklike sake te doen gehad. Hoe daar gebid moet word, hoe die mans en vroue in die eredienste moet handel, watter eienskappe die ouderlinge en diakens aan moet voldoen. Paulus het dit in diepte hanteer hoe elkeen hom/haar in die gemeentes van God moet gedra, die gemeente wat die huisgesin van God is. Ook het die Here ons gewaarsku hoe die afval in sy kerk al hoe groter gaan word. Die begin van hoofstuk 4. Later in sy tweede brief aan Timotheus, hfst. 3:5, dan wys Paulus nog wéér daarop. Daar al meer mense gaan wees wat ’n skyn van die godsaligheid het maar die krag daarvan verloën het. Mense sal nog ’n tipe van vorm godsdiens aanhang maar nie meer daarúít lewe nie. Die 2020 Vertaling praat van die *skyn van godvresendheid* wat voorgehou sal word, maar die *krag van godvresendheid* word deur hulle misken.

Hoofstuk 4 van 1 Timotheus het dan gehandel oor die belangrikheid van jou lewe en jou leer. 1 Tim 4 vers 16- *Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.*

Hoofstuk 5 was ons die vorige twee Sondae mee besig. Hoe ons pastoraal vir mekaar moet omgee. Hoe ouer mans en jonger mans soos vaders en broeders vermaan moet kan word, want weereens kerk-wees is nie maklik nie. Vermaning gaan baie keer so nodig wees, veral waar dit gaan oor my gedrag in God se kerk. Dit bly die sentrale tema hoe elkeen hom/haar in die kerk moet gedra, die kerk wat die huisgesin van God is.

Ook het hoofstuk 5 met die weduwees, oud en jonk gehandel. Moeders wie se kinders al groot was, jonger weduwees wat aangemoedig word om te trou, want die eresaak, die ere plig vir die vrou in die Here se kerk is om God se kerk te laat groei deur kinders die kerk in te bring. Daarin is die jong moeder instrumenteel in wat redding is en beteken. So het Paulus oor haar geskryf, sy sal gered word te midde van kindergeboortes. Direk hiermee saam ouer weduwees wie se name op ’n lys geskryf moet word, want hoe waardevol is hulle as dit kom by opvoeding, onderwys, netheid, versorging, ja alles wat dit insluit om ’n gesonde huisgesin te wees is die moeders die mense by wie dit begin. Veral hulle wat al die ervaring van die lewe agter hulle dra, spesifiek vrouens 60 jaar en ouer.

***

En dan wil dit lyk Paulus sluit in ’n sekere sin die kerklike deel van sy brief af deur in besonder op ouderlinge die klem te plaas. Wat is die werk van ’n ouderling, nl. om te preek, te onderrig, te regeer. Hy moet herder en wagter wees. Waar die ouderling as hoof van sy huwelik en gesin dit moet kan doen, moet hy in dieselfde sin in die huisgesin van God dit ook doen.

Ook handel Paulus oor hoe die ouderlinge met mekaar omgaan. Hulle wat dikwels die fokus van kritiek kan word. Moet nie ’n saak teen ’n ouderling vêrder voer as daar nie ten minste twee getuies is nie, wees versigtig hoe ons met mekaar omgaan. Tog wees ook direk en skerp as daar oortree word, vermaan openlik dat ook die ander kerkraadslede en gemeente hierdeur afgeskrik kan word. En so het hoofstuk 5 geëindig hoe ons na mekaar moet kyk, maar hoe ons ook na onsself moet kyk. Die aanmoediging om bietjie wyn te drink vir gereelde ongesteldhede is ’n besorgdheid oor gesondheid. Kyk na mekaar, moet nie te vinnig iemand in die ampte bevestig nie, maar kyk ook na jouself. En dan sluit Paulus die kerklike sake af deur te wys op openbare growwe sondes, party mense in die kerk sondig so openlik dat hulle sondes hulle vooruitloop na die oordeel toe. Ander is met geheime sondes besig, maar mag hulle ook goed verstaan, jy kan sondes nie vir altyd wegsteek nie, al dink jy dalk só! Dit sal aan die lig kom. H

Hoofstuk 6 handel dan vandag oor van die grootste sake wat ons dikwels buite die kerk mee moet handel, waar dit steeds gaan om hoe ek my kerklik moet gedra óók op die markpleine van die lewe. Op die straat en tussen gelowiges en ongelowiges. In hoofsaak handel hoofstuk 6 oor die werksplek, al is ek daar ’n slaaf. Dit handel ook oor geld en rykdom. Wanneer is geld genoeg of bestaan ons lewe uiteindelik net uit ’n gejaag na geld en net nog méér geld. Is ek ’n tevrede mens sal die groot vraag kan wees? En sal hoofstuk 6 eindig met wat gebeur as ek sterwe. Ons moet die mense wees, wat bereid moet wees om nie net oor hierdie tydelik aardse lewe ons te verantwoord nie, maar wat van die ewige lewe. Paulus stel dit in hfst. 6 vers 12b so positief. Gryp die ewige lewe styf vas. Kan ek nou reeds die ewige lewe omhels, of is die liggaamlike dood vir my so ’n verskrikking en onsekerheid en struikelblok, ek eerder nie eers daaraan wil dink nie.

Die groot vraag dan vandag- jou en my werksplek en werksomgewing. Hoe gedra ek daar myself?! Is my werk my trots. Is dit nog my roeping. Sekere werke is nie maklik nie. Dink jou die tyd in toe Paulus hier geskryf het, was baie gelowiges mense wat as slawe vir harde base moes werk. Die base wat gedink het en voorgegee het dat hulle alle mag oor jou het. In ’n sekere sin was dit so, slawe was as besittings van hulle eienaars beskou. So asof hulle nie ’n identiteit en trots en waarde van hulle eie mog ontwikkel nie. Hulle moes maar net heeltyd na die pype van die baas of eienaar handel. Die baas kon selfs hulle lewe in sy hande neem en dan was dit ook maar reg! Hoe verskriklik was die posisie van die slawe nie gewees nie! En nou maak Paulus die posisie van die slawe met die eerste lees van die hoofstuk nie makliker nie. Hy sê vir die slawe ... *1 Gelowiges wat as slawe onder 'n juk staan, moet hulle eienaars met alle eerbied bejeën, sodat niemand sal kwaad praat van die Naam van God en van die Christelike leer nie.*

Ons moet in die agterkop dit vashou, die kerk van die Here het in die tyd van die skrywe van hierdie brief vir ’n baie groot deel uit slawe bestaan. Dalk was in baie gevalle vêr meer as die helfte van lidmate, slawe gewees. Hulle is of in oorloë gevange geneem, of op markte is hulle opgeveil en soos diere aan hulle eienaars verkoop. Daar was ’n hele stuk ekonomie in die slawehandel. Tog was slawe die mense wat in hulle geloof ook oor hulle werk as slawe moes nadink en hulleself groot vrae moes vra. Al is nie een van ons slawe soos ons vandag hier is nie... bly ’n groot vraag...

Hoe dink ek as gelowige oor my werk?

Is werk bedoel om ’n straf te wees of is dit deel van God se seëninge? Dadelik besef ons werk was nooit as straf bedoel nie. Die kultuuropdrag in Genesis vir die eerste mense was, om te bewoon, te bewerk en te bewaar (Gen. 2:15). Dit is vir die mens gesê nog vóór daar enige sondes was. Die mens was as die kroon van God se skepping in so ’n ereposisie geplaas, buiten dat man en vrou draer van die beeld van God was, was hulle ook as God se medewerkers beskou. God se verteenwoordigers. Watter dure plek en roeping!

***

God het van die eerste diere wat hy gemaak het, na die mens toe gebring en dan moes die mens nie net in sy taal werk nie, maar die mens moes sy taal laat uitwerk. Genesis 2 vers 19- *19 Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees.* Die mens se werk was om aan die diere name te gee. Dit is die eerste stukkie wetenskap wat ons in die Bybel van lees. Geesteswetenskap sluit in ’n natuurwetenskap. Jou taal, geesteswetenskap moet word, natuurwetenskap, gee daardie dier ’n naam na wat sy soort is. Hoe die dier lyk, sy voorkoms, sy gedrag, sy genetika.

Hierdie besondere opdrag sluit aan by wat God se groot opdrag in Genesis 1: 27-28 alreeds was- ons lees die ouer vertaling *27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. 28 En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.*

Dis groot en heerlike dinge wat God as’t ware uit die staanspoor van die mens se bestaan op aarde aan wat werk bedoel is om te wees, verbind het. God het as’t ware aan ons werk ’n verbond gesluit, daarom dat die verbond in die paradys al genoem kon word, die werkverbond.

***

Die grootste hartseer en terugslag wat daar nog ooit vir die mens was, was dat ons hierdie verbond opgemors het. Steeds maak so baie mense van die kultuuropdrag ’n gemors. As ons elke dag moet aanskou hoe vuil is hierdie dorp waarin ons woon, dan besef ons die gemors van die mens het nog nooit opgehou nie. Vervulling van die aarde het geword ook ’n vervuiling van die aarde, wat alles begin het met die eerste vrou wat haar ore vir satan

uitgeleen het. Sy het geluister toe sy nie moes luister nie en toe sy moes luister, toe luister sy nie.

Haar man sondig nog dieper. Hy luister na twee verkeerde kante; na die slang en na sy vrou, hy wat verbondshoof is, laat hom die kwaad intrek, wat maak dat sonde en kwaad soos ’n veldbrand die wêreld aan die brand gesteek het. Niks wat dit kon keer nie; so was dit niks wat dit kon keer nie. Die vrou wat met angs en pyn nie net kinders die wêreld moet inbring nie, maar na die man sou haar begeerte wees; die man wat oor haar sou heers. Hoofskap het gramskap begin word. Sonder geloof is mans heersers wat hulle hoofskap baasskap wil laat word. Dit het ontaard. Dit het ’n verkragtings-kultuur die wêreld ingedra. Hulle wat sodanig oor die vrou wil heers dat die geweld teenoor vroue en kinders in ons land baie skerp aangetoon word maar beslis nie reg aangespreek word nie. Wie hierdie toedrag nie vanuit die ware geloof gaan aanspreek nie, loop alreeds op ’n donker afgrond aan.

Sonder die ware geloof is mans eenvoudig dit wat hulle geword het, ontaarde wesens wat soos Lameg enigiets wat net lyk dit gewelddadig kan wees, trek die man aan. U onthou Lameg se woorde – Gen. 4:23 *23 En Lameg het aan sy vroue gesê: Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan ’n man dood wat my wond en ’n seun wat my kwes.* Seksualiteit en geweld word bedmaats, lelike bedmaats as dit nie vanuit die geloof bestuur word nie. Die man tree op asof hy, let wel, nie net sy vrou besit nie, maar vroue besit. Dit het by Lameg begin, eintlik al by Kain se seun Henog, wat oor-oupagrootjie van Lameg was. Henog die eerste stadsbouer wat op ongelowige wyse kragte saamspan wat later op die ongelowige Babel in Genesis 11 sou uitloop, waar die mens gedink het hulle werk so hard dat die een stad met sy een toring die hemele moet aanraak. Een taal wat wou word een stad, een toring, ja ’n goddelose eenheid wat God net met die verwarring van taal, weereens die geestelike wetenskap word verwar dan kan die natuurwetenskap niks maak nie. Hulle kon nie verder bou nie, die argitektuur is daarmee heen.

Uit hierdie sonde gevalle wêreld het nie net geweld nie, maar kan ons ook aanvaar slawerny die wêreld ingekom. Vir baie eeue was slawerny aan die orde van die dag. Dit het mense se dag tot dag bestaan ingrypend geraak. Selfs die Nuwe-Testamentiese kerk het daarmee moes reken. Dit wat Paulus vandag baie dieper tot ons laat spreek as maar net hoe slawe hulle werk en base moet sien. Dit raak ’n diep geestelike saak. Hoe sien ek my werk, hoe doen ek my werk. Selfs wanneer ek vir ’n baas moet werk.

Selfs wanneer ek vir 'n baas moet werk.

Die groot vraag hier is sekerlik hoe hanteer ek gesag. Gesag moet so hanteer word soos aan die einde van vers 1 dit gestel word. God se Naam is daaraan verbind ... *sodat niemand sal kwaad praat van die Naam van God en van die Christelike leer nie.* U kom agter ons het gedink ons beweeg nou weg van die kerk na die werkplek toe. Nooit kan die gelowige van die kerk weghardloop nie. In my werk, selfs as slaaf moet ek die Naam van God en die christelike leer wil beskerm. Vandag in ons moderne lewe, word drie begrippe, drie sake baie hoog opgegee. Ook in ons gesprek met die NG Kerk voorverlede week (15 April) was dit van hulle kant in besonder uitgelig. Daar mag nie gediskrimineer word nie, alle mense se menswaardigheid moet voorop gestel word; ook die derde been van ons grondwet het kerklik groot inspraak gekry. Die vryheid van geloof en -assosiasie.

Ons besef hierdie drie dinge kan nie sommer as nonsens weggepraat word nie, maar eintlik is hierdie drie dinge baie gevaarlik as dit in die geloof en in die kerk soos van in alles nagestreef gaan word. Slawe het niks van hierdie drie dinge kon beleef nie. Daar is teen hulle gediskrimineer; hulle menswaardigheid was gruwelik verwaarloos, vryheid van assosiasie, sekerlik ook geloof was nie eers ter sprake nie. Hulle het die slawejuk dag na dag moes dra. Paulus beskryf dit as 'n juk waaronder hulle staan, maar ons moet die groter saak raaksien en hoor.

God se Naam en die ware leer is belangriker as jou en my menswaardigheid en vryheid. Daarom die sware opdrag, maar die dure opdrag, slawe moet hulle eienaars met eerbied bejeën, al is daardie eienaar 'n ongelowige. Hoe moeilik maar hoe nodig is die eise wat soms in God se diens gestel word.

Ons het vandag die ryke voorreg, iets van 'n hemelse heerlikheid dat die ergste vorme van slawerny is afgeskaf, wat nooit sonder genade van God sou kon gebeur nie. Toe ons vroeër in hierdie preek gesê het, die veldbrande van die sondeval sou niks kon keer nie. U wat al werklik met 'n groot veldbrand te doen gehad het sal weet. Dit word nie maklik gekeer nie. Tog keer 'n mens dit nie, maar God keer dinge. Heerlik klink die evangelie as die mens met die sondeval die wêreld in 'n gemors laat, alles word aangetas, die plante kry dorings, die diere kry slagtande en word wild, die mens word in baie opsigte nog wilder. Die dood tree die wêreld binne, reeds as straf op die sonde. Wie weet dalk was dit ook die tyd wat die aarde as een groot geheel toe in verskillende kontinente uiteen geruk het, ons weet nie, maar tog

pas die kontinente soos 'n legkaart inmekaar asof dit vroeër een groot geheel was. In alles staan die Here se moederbelofte, die ma van alle beloftes wat God later aan die mens sou maak- Gen. 3 vers 15- *15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.* Alles begin by 'n saadjie, al het die gebyt aan die hakskeen nog nooit opgehou nie. Die vrouesaad wat die Seun van God in hierdie wêreld sou kon inbring. God laat uit die vrouesaad sy Seun 'n Mens word. Hy wat werklik die slang se kop kon vermorsel, die enigste wat dit kon doen. In die woord vermorsel sit ook die Hebreeuse klank wat ons hoor as "grind". "Rub off, grind" is van die Engelse vertalings se voorstel...

Hy wat die Verlosser is, Christus die Here. Hy het geword ons Verlosser, maar ook ons Sabbat (vgl. Sondag 38 Kategismus). In die kategismus word gepraat van ons ewige Sabbat wat alleen in Christus moontlik is ... **Ek moet elke dag van my lewe van my bose werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige Sabbat reeds in hierdie lewe.** Aangrypend! Hy wat rus gee nie net ná jou werk nie, maar ook in jou werk. God het na ses dae, die sewende dag ingelei, God het gerus van sy werk. Die Sabbat begin by God, maar eindig ook by God. In Sanai, stel God ook 'n Sabbat in, die tweede Sabbat, wat word 'n verbondsteken, die Tien Gebooie spreek van hierdie tweede Sabbat. Christus bring die ewige Sabbat, dalk mag ons dit noem die derde Sabbat, die volmaakte Sabbat. Die rus wat daar in Hom kan wees, deur ook in Hom te werk, al is ek ook 'n slaaf. Dit moes vir slawe so bevrydend wees, dat al staan ek onder die baasskap van 'n wrede baas, in Christus kan ek vry wees. Nie mense maak my vry nie, nie 'n grondwet maak my vry nie, 'n grondwet met mooi klinkende woorde en gedagtes maar sonder Christus eintlik niksseggend is. Daarom laat ons werk soos vir Christus. Paulus het dit eintlik vir die slawe op so bevatlike wyse gesê toe hy hulle herinner het. Dink jou die voorreg in om vir 'n gelowige baas te werk.

<u>My baas is 'n gelowige!</u>

Jou baas het nou ook of jou broeder of suster in die geloof geword, 'n voorreg maar dit mag nie misbruik word nie. Die mooie staan in ons teks- *Hulle moet hulle eerder beter dien omdat dié wat uit hulle werk voordeel trek, met hulle een is in geloof en liefde.* Dit is so ryk, ons sou nog apart net hieroor 'n preek kon maak!

Jou baas het nou ook of jou broeder of suster in die geloof geword, 'n voorreg maar dit mag nie misbruik word nie. Die mooie staan in ons teks- *Hulle moet hulle eerder beter dien omdat dié wat uit hulle werk voordeel trek, met hulle een is in geloof en liefde.* Dit is so ryk,

ons sou nog apart net hieroor ’n preek kon maak! Die slaaf en sy baas, saam in die kerk. In Christus het dit werklikheid kon word. Die werklikheid wat ’n voorreg is, mag nooit misbruik word nie. Eintlik gaan dit oor gesag wat altyd reg verstaan en reg toegepas moet word. Die slaaf wat ouderling van sy eienaar kon word, was nou moontlik. Tog moes die slaaf nie misbruik maak van wat nou in Christus gebeur nie. Hy bly slaaf wat alleen die gesag van Christus bedien as hy as slaaf nou ook ouderling van sy baas kon word. ’n Voorreg om ’n gelowige baas te kon hê, nog ’n groter voorreg om altyd die gesag van Christus te mag bedien. Hulle wat een mag word in geloof en liefde. Watter groter voorreg kan daar wees?!

AMEN